| Centre Number | Candidate Number | Candidate Name |
|---|---|---|
| | | |

**NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE**

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE ORDINARY LEVEL** **4115/2**

PAPER 2 Reading and Directed Writing (Extended) 2 hours 30 minutes

Marks 90 **2020**

No Additional Materials are required.

## INSTRUCTIONS AND INFORMATION FOR CANDIDATES

- Candidates answer on the Question Paper in the spaces provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces at the top of this page.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.
- Do not write in the margin For Examiner's Use.

- Answer **all** questions.

- The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Kandidate antwoord op die vraestel in die spasies wat voorsien is.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies bo-aan hierdie bladsy.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.
- Moenie in die kantlyn "For Examiner's Use" skryf nie.

- Beantwoord **alle** vrae.

- Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

| For Examiner's Use | | |
|---|---|---|
| **Afdeling 1** | Oefening 1 | |
| | Oefening 2 | |
| | Oefening 3 | |
| **Afdeling 2** | Oefening 1 | |
| | Oefening 2 | |
| | Oefening 3 | |
| **Afdeling 3** | Oefening 1 | |
| | Oefening 2 | |
| | Oefening 3 | |
| | **Totaal** | |

| | |
|---|---|
| *Marker* | |
| *Checker* | |

ORDINARY LEVEL EXTENDED

This document consists of **19** printed pages and **1** blank page.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

## AFDELING 1

**Oefening 1: Vrae 1 – 7**

Lees die onderstaande leesstuk oor die welwitschia en beantwoord vrae **1** – **7**.

### Die Namibwoestyn se spesiale welwitschia

Die Namibwoestyn se plante is die enigste van hulle soort en elkeen is op spesiale maniere aangepas om te oorleef. Die welwitschia is seker die bekendste van dié plante in die Namibwoestyn. Dié ongewone plant oorleef al eeue in die Namibwoestyn en die suide van Angola. ’n Welwitschia word gewoonlik tussen 400 en 1 000 jaar oud, maar party plante word tot 2 000 jaar oud. Hulle is aangepas teen droogtetoestande en kan met minder as 100 mm reën per jaar klaarkom.

Die plant is vernoem na ’n Oostenrykse plantkundige en dokter, Friedrich Welwitsch, wat in 1859 die plant in die Namibwoestyn in Suid-Angola ontdek het. Die plant het baie name: tumboa of n`tumbo (Angola); tweeblaarkanniedood (Afrikaans); !kharos (Nama/ Damara); nyanka (Damara); khurub (Nama); onyanga (Herero).

In 1861 het die ontdekker Thomas Bain dié plant naby die Swakoprivier gesien en ’n tekening daarvan gemaak. Die plant het ’n kort stam en keëls. Die welwitschia het aparte manlike en vroulike plante. Die manlike plante het klein pienkerige keëls en die vroulike plante het groter blougroen keëls. Die plant word deur insekte bestuif. Die die sade, wat papieragtige vlerkies het, word deur die wind versprei.

Die plant is tot 50 cm hoog en kan tot 1 m breed wees, maar groter plante is al gevind. Die grootste aangetekende plant is in die Messumkrater in Namibië en is 1,8 m hoog. ’n Ander een op die Welwitschiavlakte naby die Swakoprivier is 1,2 m hoog en 8,7 m breed.

Die plant lyk of dit baie blare het, maar dis eintlik net twee, lang, permanente blare. Die blare kan tot 6 meter lank groei en lê later die hele gebied rondom die stam vol. Die wind en hitte verweer die blare sodat dit skeur en soos ’n klomp blare lyk. As die digte mis van die kus af inwaai, kondenseer die water op die blare. Die blare vorm dan ’n geut sodat die water tot by die stam kan loop. Die penwortel en kleiner sywortels kan water tot 30 meter onder die grond opneem.

Daar is selfs ’n skool en ’n streek in Namibië na hierdie plant vernoem. Hierdie besonderse plant het ook ’n ereplek op die landswapen en die land se rugbyspan word die Welwitschias genoem.

Namibië kan voorwaar trots wees op die welwitschia.

*(Verkort en verwerk uit Huisgenoot, Het jy geweet, nr.3)*

For Examiner's Use

**1** Hoe oud kan 'n welwitschia word?

.......................................................................................................................... [1]

**2** Wat is die welwitschia se gewone Afrikaanse naam?

.......................................................................................................................... [1]

**3** Noem een verskil tussen die manlike- en die vroulike plante?

.......................................................................................................................... [1]

**4** Waar kan die hoogste welwitschia gevind word?

.......................................................................................................................... [1]

**5** Hoekom is die blare van die welwitschia belangrik wanneer die plant water inneem?

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [2]

**6** Noem **twee** dinge wat wys dat Namibiërs die welwitschia as baie spesiaal beskou.

.......................................................................................................................... [2]

**7** Waarvoor het die San-volk die Hoodiaplant gebruik?

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [1]

**[9]**

**Oefening 2: Vrae 8 – 11**

Lees die volgende leesstuk en beantwoord die vrae.

**SKAAM? Trek so aandag!**

*Jy is in die geheim verlief op en iemand weet dat as die persoon jou sien, dit nie genoeg is om 'n afspraak te verseker nie! So maak* 'n *mens ...*

**LUISTER EN VRA**

**Jy is 'n goeie luisteraar, maar jy vra geen vrae nie ... en ons weet daar is soveel onbeantwoorde vrae in jou gedagtes.**

**WENK**: Vra net, of jy sal nooit weet nie. Verbeel jou jy is 'n joernalis wie se werk dit is om vrae te vra. Onthou, hoe meer jy weet, hoe beter. Bly ontspanne en begin sommer met: "Wat gaan jy die naweek doen?"

**MOENIE SKAAM WEES NIE**

**Jy het baie selfvertroue en gesels sonder ophou wanneer jy teksboodskappe stuur, maar wanneer jy die seun of meisie van jou drome sien, raak jy doodskaam, stil en lyk dit asof jy nie belangstel nie.**

**WENK**: As jy werklik 'n goeie indruk op iemand wil maak moet jy iets aktiefs doen. Probeer dapper wees om te glimlag en "hallo" te sê wanneer die persoon verby jou stap.

**LET OP LYFTAAL**

**Jy vou jou arms en speel senuagtig met die knope van jou klere net sodat jy nie oogkontak hoef te maak nie.**

**WENK**: As jy nie oogkontak kan maak of behou nie, begin deur saggies aan die ou of meisie te vat met wie jy praat. Vat liggies aan hul bo-arm of elmboog terwyl julle gesels; dit sal beslis 'n goeie indruk skep. As jy genoeg selfvertroue bymekaar kan maak, behou oogkontak terwyl julle gesels.

**BEL 'n PEL**

**Jy kry nie 'n woord gesê terwyl jy met die seun of meisie van jou drome moet praat nie. Jou kop is heel deurmekaar.**

**WENK**: Ons almal het mos so 'n selfversekerde pel wat altyd 'n antwoord het op alles. Vra hy of sy moet 'n afspraak vir jou saam met nog 'n paar vriende help reël. Dié selfversekerde vriend of vriendin kan jou raad gee oor hoe om iemand se aandag te trek.

**MOENIE HARDLOOP NIE!**

**Nadat jy vir hoe lank in die geheim verlief was, deel jy eindelik jou gevoelens met hom of haar, maar jy is ver te haastig.**

**WENK**: Wees rustig en beplan wat jy gaan doen wanneer jy die punt bereik dat jy wil sê hoe jy voel. Onthou om eerlik te wees en dit uit die persoon se oogpunt te sien, of dit goed of sleg afloop.

*(Verwerk uit Huisgenoot, 20 Februarie 2014)*

*For Examiner's Use*

**8** Wat bedoel die skrywer as sy sê jy moet maak of jy 'n joernalis is?

............................................................................................................................ [1]

**9** Noem **twee** dinge wat jy kan doen om 'n goeie indruk op iemand te maak.

............................................................................................................................

............................................................................................................................ [2]

**10** Hoe kan jy iemand se aandag trek as jy nie oogkontak wil maak nie?

............................................................................................................................ [1]

**11** Noem **twee** maniere waarop 'n selfversekerde maat jou kan help as jy te skaam is om iemand uit te vra.

............................................................................................................................

............................................................................................................................ [2]

**[6]**

**Oefening 3: Vrae 12 – 15**

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**FOSSIELE**

Die woord “fossiel” kom van die Latynse woord “fossilis”, wat “opgegrawe” beteken. Fossiele help ons verstaan hoe die lewe miljoene jare gelede was.

Wanner jy die woord “fossiel” hoor, dink jy dalk dadelik aan dinosourusse en groot beendere, maar daar is baie ander soorte fossiele. Party, soos dié van sommige dinosourusse, is reusagtig groot. Ander is weer so klein dat ons hulle net met ’n mikroskoop kan sien. Mense ontdek al duisende jare lank fossiele in rotse, maar ons het eers ’n kort rukkie gelede begin verstaan wat fossiele regtig is.

Fossiele is dele van plante en diere van baie lank gelede wat in rotse bewaar is. Fossiele is nie noodwendig die plant of dier self nie, maar klippe wat die vorm van die organisme behou het. Hierdie plante en diere het miljoene jare gelede geleef en lyk meestal nie soos dié wat ons vandag ken nie.

’n Fossiel kan ’n hele organisme of net ’n deel daarvan bewaar. Bene, skulpe, vere en blare kan almal fossiele word. Hierdie baie ou dele van plante en diere word as fossiele beskou wanneer hulle omtrent 10 000 jaar oud is. Die tandfossiele van mammoete is van die “jongste” fossiele waarvan ons weet, terwyl die oudste fossiele van antieke eensellige mikrobes sowat 3,5 biljoen jaar oud is.

Ons kan in boeke wat mense lank gelede oor hul tyd geskryf het, meer oor daardie tyd uitvind. Maar ’n miljoen jaar gelede het mense nie die aarde bewoon nie en kon niemand neerskryf wat in daardie tyd gebeur het nie. Ons moet dus ander maniere kry om uit te vind hoe die lewe op aarde miljoene jare gelede was; daarom is fossiele so belangrik. Party fossiele bewaar byvoorbeeld ongelooflike besonderhede oor dinosourusse; nie net ’n organisme se vorm of grootte nie, maar selfs die kleur van hul vere! Fossiele leer ons drie belangrike dinge: hul identiteit en oorsprong, inligting oor hul omgewing en oor die geskiedenis van die aarde.

Deur die bestudering van plant- en dierfossiele kan wetenskaplikes ook inligting kry oor hoe die organismes gegroei het, wat hulle geëet het, en selfs oor die prehistoriese spesies se interaksies met mekaar.

Wetenskaplikes kan byvoorbeeld vasstel wat die klimaat op aarde was deur die fossiele van ’n dier se mis te bestudeer. Die soort plante wat die dier geëet het, is ’n bewys van die plante wat in daardie tydperk gegroei het.

Ons weet nou wanneer daar ystye was, toe die hele aarde duisende jare lank met ys bedek was, en wanneer dit warmer was en droogtes die aarde geteister het.

*(Verwerk uit Huisgenoot, 13 Augustus 2015)*

For Examiner's Use

**12** Verduidelik wat 'n fossiel is.

.................................................................................................................... [1]

**13** Noem **twee** dinge omtrent die ouderdom van fossiele.

....................................................................................................................

.................................................................................................................... [2]

**14** Wat kon wetenskaplikes oor dinosourusse agterkom deur hulle fossiele te bestudeer?

....................................................................................................................

.................................................................................................................... [2]

**15** Noem **twee** maniere waarop dit wetenskaplikes help om die fossiele van diere se mis te bestudeer.

....................................................................................................................

.................................................................................................................... [2]

**[7]**

## AFDELING 2

**Oefening 1: Vrae 16 – 24**

Al die vrae is gebaseer op die volgende koerantberig.

Instruksies vir die beantwoording van elke vraag staan teenoor die nommer van die vraag op die volgende bladsy.

### NAALDWERK VERANDER HAAR LEWE

**(16)** Nadat sy ’n geruime tyd werkloos was, het ’n inwoner van die Havana-woonbuurt in Windhoek besluit om op eie stoom haar lewe te verander.

**(17)** Sedert 2010 is Loide Mhuku die trotse eienaar van haar eie sakeonderneming, *Loide’s Creations and Sewing*.

“Ek was vir baie lank werkloos en het toe gehoor van ’n naaldwerkkursus wat vir vroue by die Maxulili-sentrum in die Babilon-woonbuurt aangebied word. Ek het besluit om die kursus by te woon en iets te leer wat dalk my lewe kan verander,” het Loide vertel. **(18) Nadat die kursus deur haar voltooi is, het sy drie naaimasjiene gekoop en haar sakeonderneming begin.**

**(19) Sy het ’n helper aangestel** en haar opgelei.

**(20) Die twee vroue maak skooluniforms en tradisionele klere**. Loide ontwerp ook klere volgens haar kliënte se spesifikasies.

**(21) “Kliënte kan ook ’n foto van ’n kledingstuk vir my bring en ek sal dit vir hulle maak,” vertel sy trots. (22) Sy het vyf kinders. Sy moet ’n goeie inkomste hê.**

“Mense moet opstaan en iets met hulle lewe doen; hulle moet dit vir hulself doen.”

“Hulle kan nie net sit en verwag alles kom na hulle toe nie. **(23) Almal moet werk om hul eie omstandighede te verander en te verbeter.”**

**(24) Sy wil graag haar onderneming uitbrei want dan kan sy nog vroue aanstel.**

*(Verwerk uit Republikein, 24 Julie 2015)*

For Examiner's Use

**16** Watter woord in paragraaf **1** beteken "sonder werk"?

........................................................................................................... [1]

**17** **Herskryf** paragraaf **2**, maar begin met Loide Mhuku ...

...........................................................................................................

........................................................................................................... [1]

**18** Skryf die vetgedrukte sinsdeel in die **bedrywende vorm**.

...........................................................................................................

........................................................................................................... [1]

**19** Skryf "Sy het 'n helper aangestel" in die **teenwoordige tyd**.

........................................................................................................... [1]

**20** Skryf die vetgedrukte sin in die **lydende vorm**.

...........................................................................................................

........................................................................................................... [1]

**21** Skryf die vetgedrukte sin in die **indirekte rede.**

**Begin so:** Sy vertel trots ...

...........................................................................................................

........................................................................................................... [2]

**22** Verbind die twee vetgedrukte sinne met die **voegwoord** "gevolglik."

...........................................................................................................

...........................................................................................................

........................................................................................................... [1]

**23** Skryf die vetgedrukte sin in die **ontkennende vorm.**

...........................................................................................................

........................................................................................................... [1]


**24** Skryf die laaste paragraaf oor met die nodige **leesteken**.

........................................................................................................... [1]

**[10]**

**Oefening 2: Vrae 25 – 29**

Lees die volgende advertensie oor Min Suiker en beantwoord die vrae wat volg.



For Examiner's Use

**25** Watter trefkrag het die titel ***Min Suiker***, van hierdie advertensie?

..........................................................................................................

.......................................................................................................... [2]

**26** Wie sou belangstel om hierdie boek te koop? Motiveer jou antwoord.

..........................................................................................................

.......................................................................................................... [2]

**27** Verduidelik wat die skrywer bedoel as hy sê: "suiker wat in jou koskas wegkruip."

..........................................................................................................

.......................................................................................................... [2]

**28** Hoe kan Huisgenoot jou help om 'n beter leefstyl te hê?

..........................................................................................................

.......................................................................................................... [2]

**29** Op watter maniere kan 'n mens meer inligting oor hierdie resepteboek verkry?

..........................................................................................................

.......................................................................................................... [2]

**[10]**

**Oefening 3: Vraag 30**

Lees die volgende artikel waarin ’n Windhoekse terapeut oor hipnoterapie gesels.

Maak ’n opsomming van **80 – 100** woorde oor die **voordele wat hipnoterapie vir ’n mens kan inhou**.

**Hipnoterapie – die oplossing vir jou probleme?**

“Hipnoterapie oor die algemeen is nie net oor die beheer van menslike verstand nie,” sê die plaaslike hipnoterapeut Paul Plüss. Hy het hierdie week met *Kollig* gesels oor onder meer wat hipnoterapie is en wat dit vir die gewone mens kan beteken.

“Dit maak nie van jou ’n zombie sonder enige wil van jou eie nie, en nee, ek kan nie al jou donkerste geheime daarmee uitvind nie,” sê Plüss. “Niemand behalwe jy kan jou verstand beheer nie en hipnose help jou om selfs meer beheer oor jou eie verstand te hê as andersins. Hipnose is niks meer as ’n uiters ontspanne toestand nie. As jy onder hipnose is, is jy ook nie aan die slaap nie, maar eerder baie gefokus en dink jy baie helder. Jy sal ook nie in gevaar wees tydens hipnose nie – dit is niks meer ontstellend as wat dit is om te dagdroom nie en niks gevaarliker as om aspirien te drink nie,” sê Plüss,

Volgens Plüss kan hipnoterapie in beide kinders en volwassenes gebruik word. “Ek help mense veral met normale alledaagse kwessies, en mense moet nooit dink jy is ‘mal’ as jy ’n hipnoterapeut besoek nie. In hipnoterapie werk ons direk met die onderbewuste en word dit makliker om anders na dinge te kyk.”

Volgens Plüss word die woord “stres” oor die algemeen gebruik om alle negatiewe emosies soos woede of vrees te beskryf. Hipnoterapie kan jou ook help om regtig te begin oefen om sulke gevoelens te hanteer.

“Einstein het gesê ons gebruik net sowat 10% van ons brein. Hy was reg; dit is die bewuste deel,” verduidelik Plüss. Die ander 90% is die onderbewuste wat vir jou persoonlikheid, gedagtes, gedrag en oortuigings verantwoordelik is. Hipnoterapeute kan jou ook van selfhipnose leer waar jy jouself kan programmeer om jou doelwitte te bereik. Depressielyers vind ook baat by hipnoterapie.

Plüss sê hy raai mense wat met emosionele probleme sukkel aan om so gou moontlik iemand te vind saam met wie hulle daardeur kan werk.

*(Verwerk uit Republikein van 26 Maart 2015)*

*For Examiner's Use*

Opsomming:

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

**Aantal woorde** ..............

**[10]**

## AFDELING 3

**Oefening 1: Vraag 31**

Jy het aan ’n kompetisie deelgeneem en verloor!

Die aand ná die kompetisie skryf jy in jou **dagboek**. Skryf oor wat gebeur het, hoe jy daaroor voel en watter les jy uit die ervaring geleer het.

Skryf ongeveer **150** woorde.



*For Examiner's Use*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

**Aantal woorde** ..............

**[10]**

**Oefening 2: Vraag 32**

Jy is aan die einde van jou skoolloopbaan en jy het baie spesifieke planne vir jou toekoms. By ’n familiebyeenkoms vra een van jou familielede jou uit oor jou planne en jy verduidelik wat jy wil of gaan doen.

Skryf julle gesprek in **dialoogvorm**. Skryf ongeveer **150** woorde.



*For Examiner's Use*

[12]

**Oefening 3: Vraag 33**

Besoedeling is 'n baie groot probleem, veral plastiekrommel. Lewer kommentaar oor die volgende prentjies deur 'n **opstel** van **200** woorde te skryf oor:

**Die probleem van plastiekbesoedeling.**





Jy kan ook gebruik maak van die volgende prikkels, maar jy moet ook jou eie idees byvoeg.

- Oorsake,
- Gevolge vir land- en seelewe,
- Gee ook moontlike oplossings.

For Examiner's Use

[16]

**BLANK PAGE**